# DIE WOESTE LAEVELD REEKS

## SPORE IN DIE DOU - NO 4

DEUR DEWALD BRINK EN BRAAM LE ROUX



# SPORE IN DIE DOU

*deur*

**DEWALD BRINK en BRAAM LE ROUX**

*Uitgegee deur:*

SKATKIS BOEKE - UITGEWERS

Strand Mews Strand

2020

# Spore in die Dou

Voorbladskets is die oorspronklike voorblad van die 1950's se uitgawe.
Hierdie boek is die derde uitgawe (aangepaste weergawe).

Kopiereg op hierdie verhaal is voorbehou en dit mag nie in die geheel of gedeeltelik herdruk word of versprei word sonder die nodige skriftelike toestemming van die uitgewer nie. Herdruk sluit in geen vorm van elektroniese of meganiese vorm, bv. deur middel van e-boeke, fotokopiëring, skryf, bandopname of deur enige ander manier vir inligtingsbewaring of ontsluiting. Al die karakters en gebeure in hierdie verhaal is denkbeeldig en het geen betrekking op enige persone, lewendig of dood nie.

SPORE IN DIE DOU
deur Dewald Brink en Braam Le Roux

ISBN 978-1-928498-66-7

Uitgegee deur:
Skatkis-Uitgewers, Strand Mews, Strand 7140
Suid-Afrika

Kopiereg @ Pieter Haasbroek (2020)
Aanlyn winkel: https://sqrindle.com/category/fiction-and-literature
Webwerf: https://www.softcoverbooks.co.za

# OPSOMMING

Die bloedigste moord wat mens jou kan voorstel, vind op ’n helder maanlig nag in die hartjie van die Woeste Laeveld plaas, maar dit is nie ’n mens of mense wat vermoor word nie, dog onskuldige, redelose diere. Hulle word met woeste wreedheid na hulle dood gejaag, voortgedryf totdat hulle benoud bulkende oor ’n duiselingwekkende krans afstort, om onder ’n bloedpappery vir die aasvoëls te word.

Maar ’n geheimsinnige man, onbekend aan die wreedaards, is reeds op hulle spoor. Hy is ’n “spesiale agent” van die regering, wat gestuur is om ondersoek in te stel na reusagtige bedrog by ondernemings daar in die goudryke Laeveld, deur skurke se streke, wat die goeie naam van die Suid-Afrikaanse Republiek deur die modder sleep.

’n Man met ’n rewolwer aan sy sy, wat hy so vinnig soos ’n bytende mamba kan hanteer, bly meedoënloos op die skurke se spoor. Eers loop hy hom vas teen ’n rooihaar nooi wat haar erg parmantig en vyandig hou, maar wanneer sy lewe in gevaar is, help en versteek sy hom in haar eie plaashuis. En dan eers besef sy dat al haar agterdog teen hierdie man, op wie sy al heimlik verlief geraak het, ongegrond is. Hulle twee ruk toe saam op na ’n laaste, bloedige botsing met die onmenslike wreedaards.

# UITTREKSEL

’n Waarskuwende stem kom meteens in Len se hart. Dit is nie sommer ’n gewone gesprek tussen twee perderuiters hierdie nie. “Beeste ongemerk wegkry “Wat kan dit beduie...? Sou hy dalk ’n afspraak vir veediewery hier op die lyf geloop het?

Len beur tussen die takke deur om te kan sien wie die twee manne kan wees. Hy is nog nie honderd persent seker dat dit Zacharias van Graan is wat daar gepraat het nie.

Die volgende oomblik egter sak die grond onder Len se voete weg. Hy het nie agtergekom dat die hoë wal waarop hy gestaan het, onder heeltemal weggekalwe was nie. Hy gryp aan die digte bos en keer homself om teen die wal af te gly. Maar daar is nou soveel geraas dat hy maar net sowel ’n paar skote in die lug kon gevuur het. Met krakende geraas beur hy tussen die bosse uit en sluip vinnig, al-hardlopende, na sy perd toe terug.

Die manne daaronder het meteens hulle gesprek afgebreek. Len hoor ’n vinnige wisseling van woorde tussen hulle. Toe hoor hy een van hulle op ’n perd spring en vinnig teen die skuinste uitgejaag kom.

# INHOUD

**Hoofstuk**


Hoofstuk 1

Hoofstuk 2

Hoofstuk 3

Hoofstuk 4

Hoofstuk 5

Hoofstuk 6

Hoofstuk 7

Hoofstuk 8

Hoofstuk 9

Hoofstuk 10

Hoofstuk 11

Hoofstuk 12

Hoofstuk 13

Hoofstuk 14

Hoofstuk 15

Hoofstuk 16

Hoofstuk 17

# 4. SPORE IN DIE DOU

## Hoofstuk 1

Onrus pak haar meteens beet toe sy die twintigtal swartbont koeie nie meer daar sien waar hulle moet wees nie. Haastig stoot sy haar perd aan en ry tussen die bome deur sodat sy teen die hoogte af kan sien. Maar hulle wei ook nie daar nie, en nader aan die huis is hulle tog beslis ook nie.

Die bosse rondom haar is doodstil en lyk snaaks leeg om dat sy definitief verwag het om die koeie hier tussen die bosse aan te tref waar hulle nog elke dag wei. Hier is tog immers heerlike weiding lang soetgras tussen die yl staande bome dus, waarom sou hulle weggedwaal het? Dit is die beste weiding op die hele plaas, en juis daarom is dit vir die trop jong koeie en verse uitgesoek. Dit is haar koeie, wat haar pa op haar dringende aandrang gekoop het, want sy glo nou maar eenmaal dat dit die beste is om wanneer jy koop, vol bloed diere te koop.

Miskien is dit daarom dat die onrus meteens so aan haar hart vreet. Trane wel nou skielik in haar oë op. Sou hier dalk vandag veediewe gewees het? Sou hulle so astrant gewees het om helder oordag en slegs anderhalf myl van die huis 'n strooptog te kom uitvoer het? Dit is vir haar ongelooflik... Buitendien, twaalfuur daardie dag was die verse nog almal daar. Piet Lategan, haar pa se voorman, het dit self aan haar gesê Nee wat, hulle moet hier êrens tussen die bome wees, 'n bietjie weggedwaal van hulle gewone weiplek af.

Sy ry verder.
Haar onrus neem toe, toe sy sien dat die son nie meer baie ver van ondergaan af is nie. Sy is nou so haastig dat sy sommer wydsbeen ry, en sy druk haar lang rok onder haar bene in. Toe sy van die huis af weggegaan het, het sy mooi dwars in die saal gesit, soos dit ’n vrou in hierdie jaar, 1884, betaam.
Sy het net haastig haar swart wye leerkamassies aangetrek, want sy het verwag dat sy dalk van die perd sal moet afklim om van die klein kalfies uit die ruigtes uit te help, en in die verlede het sy reeds ondervind wat dit beteken om met kouse en ’n lang rok deur die gras en dorings van hierdie Laeveld vlaktes te loop.
Vinnig en op ’n galop ry sy tussen die bome deur, buk hier en daar laag om nie deur ’n tak geskraap te word nie, en vleg met die perd tussen die ruigtes van ’n ander hoogtetjie uit. Toe sy daar bo is, kan sy ver tussen die yl staande bome deur sien. Die flou strale van die laat middagson tref haar goudrooi hare en laat ’n blink skynsel op haar effens natgeswete gesig kom. Haar hare is sommer met ’n ou lint agter haar nek vasgebind, en haar moue is nog opgerol soos sy by die seeppot onder die groot ou wag-’n-bietjie-boom by die huis staan en werskaf het.
Toe sy netnou daar by die seeppot besig was, het dit haar skielik bygeval dat Piet Lategan nog nie van die dorp af terug is nie, en hy het haar gevra dat indien hy nie betyds terug kom nie, sy tog net gou moet ry en die koeie aankeer, want die ander twee manne, Duvenhage en

Botha, gaan die aand daar by die ander beeste naby die Duiwelsbrug slaap in die hoop om die veediewe wat in die laaste tyd so astrant geword het, eens vir al daar te verwilder of te betrap.
Lettie wonder nou skielik waarom Piet Lategan so in die middel van die dag moes besluit om dorp toe te gaan. Hy het wel gesê dit is om medisyne te gaan haal, maar kon dit dan nie gewag het totdat daar weer geleentheid dorp toe gegaan het nie? Met wreweligheid dink sy aan die talle kere waarop haar pa se voorman, Lategan, al dinge gedoen het wat haar nie aanstaan nie of wat die werk hier op die plaas meer bemoeilik as bevorder het.
Daar is reeds so baie moeilikhede hier...
’n Jaar of wat gelede het haar pa hierdie plaas gekoop, en toe het hulle met al hulle vee en besittings hierheen getrek. Dit was gedeeltelik op aandrang van mense wat hulle in hier die omgewing goed geken het, onder andere die ou landdros, mnr. Willem van Graan. Sy, Lettie, was self die ene vuur en vlam. Grond was buitengewoon goedkoop hier in die wildernis, en dit is duidelik dat dit van die beste weiveld in die hele land is.
In die begin het dit ook sommer alles voor die wind gegaan. Daar was net die een moeilikheid vir Lettie, en dit was dat baar bejaarde pa hom so geheel en al aan die drank begin oorgee het. Op die dorp Pilgrimsrust, waar dit net die een gewoel en gewerskaf was na die groot goudontdekkings daar, het drank amper die toon aangegee. Haar pa was lief vir geselskap, en hy het baie ou maats wat van ander dele af daarheen getrek het, daar

raakgeloop, met die gevolg dat sy liefde vir sterk drank deesdae heeltemal die oorhand oor hom begin kry. Hy steur hom omtrent glad nie meer aan die boerdery nie, en dit is daarom dat sy, Lettie, dit deesdae so druk het. Haar pa verbeel hom hy is skatryk omdat hy met goudkleims wat hy en ’n vriend op die spoeldelwerye gaan afpen het, ’n klompie geld gemaak het. Maar hy het daardie geld al amper alles weer aan drank en dobbel-ondernemings uitgegee.

Sy klim van haar perd af en stap tot bo-op die ruie koppie. Nou kan sy selfs tot ’n paar myl ver in die omgewing sien. Maar daar is geen teken van die beeste nie, wat sy baie duidelik weens hulle helder wit en swart velle tussen die bome sou gesien het. Selfs as hulle almal êrens tussen die lang gras gelê het, sou sy hulle van hier af gesien het, en dit is onwaarskynlik dat dit sou gebeur, want in ieder geval sou daar darem tog ’n paar kalwers gewees het wat daar sou rondgehardloop het.

Haar onrus groei nou tot ontsteltenis aan, en sy dink net daaraan om maar terug te gaan na haar perd toe en huis toe terug te jaag... maar dan val dit haar by dat daar op die oomblik niemand by die huis is wat haar enige hulp kan verleen nie. Daar is net haar moeder en die ou huis bediende. Die twee manne wat, benewens Piet Lategan, in haar pa se diens is die oubaas is een van die boere wat weens sure onder vinding van die verlede nie daaraan glo om die rou, baar swartes van hierdie wêreld vir plaaswerk te gebruik nie is op die oomblik seker amper sewe myl van die huis af, in die ruwe kloofdeel waar die

sogenaamde Duiwelsbrug geleë is.
Sy hou haar hande bokant haar oë om die strale van die son wat al baie naby aan die rug van die hoë rant aan die westekant sit, af te keer. Aandagtig gluur sy in daardie rigting.
Ook daar teen die lang helling sien sy niks nie. Sy wil net van die rots afklim, toe sy egter weer daarheen kyk, want dit was skielik vir haar asof sy daar, heeltemal bo-op die rug van die rant ’n bewegende iets gewaar het. Dit is amper drie myl daarheen, en in gewone omstandighede sou sy geen figuur of dier daar kon gesien het nie, maar die beweging wat sy gesien het, is heeltemal teen die luglyn reg onderkant die son, wat oor ’n halfuur of wat daar sal weg duik.
’n Hele ruk lank tuur sy in daardie rigting. Toe trek sy meteens haar asem skerp in. ’n Uitroep van verrassing ontsnap haar lippe, en sy gee onwillekeurig ’n swetswoord. Daar bo-op die rant sien sy nou baie duidelik manne te perd ry, en ’n end voor hulle is ander bewegende figure, en sy is onmiddellik oortuig daarvan dat daardie diere haar volbloed koeie en verse is.
’n Oomblik voel sy yskoud en verlam van skrik, maar die volgende oomblik skiet ’n vurige woede deur haar, en toe spring en hardloop sy onverskillig tussen die ruigtes en oor die klippe heen na haar perd toe. In ’n kits is sy in die saal en sonder om ’n oomblik te aarsel, stuur sy die perd teen die hoogte af reguit in die rigting van daardie rant. Haar perd dawer teen die hoogte af en lê oop oor die laagte.

Lettie se oë is stip voor haar gerig om na gate en gevaarlike plekke te soek. Haar tande is opmekaar gebyt. Niemand op hierdie plaas het enige rede om die koeie daarteen die hoogte aan te jaag nie. Daardie koeie moet snags by die huis in die kraal slaap, en as dit baie koud is, in die stal. Wat anders as die koeie kan dit wees wat sy daar voor die perderuiters uit sien beweeg het? Dit val haar nou meteens by dat sy glad nie eens ’n wapen by haar het nie. Maar selfs die gedagte dat sy dalk met gewetenlose rowers te doen kan kry, stuit haar nie. Al sien sy dan net waarheen hulle gaan en hoe hulle lyk.

Die koel luggie van die naderende aand waai teen haar wange aan wat nou rooi van opgewondenheid is. Haar perd skyn te besef dat sy nooi haastig is, en versigtig soos sy gewoonte is, maar ook vlugvoetig, vleg hy sy pad deur die lang gras en tussen die bome deur. Die son se strale begin al flou en horisontaal oor die grassate te val. Onder in die laagte staan die tamboekiegras sommer baie hoog, en Lettie voel bietjie benoud om sommer so daardeur te jaag, want daar kan maklik wilde diere skuil hou. Maar die gedagte aan daardie pragtige volbloed diere, die afguns van die boere vir myle in die omgewing, dryf haar onverpoos voort.

Toe hulle die helling van die rant vat, is daar minder lang gras, maar nou het hulle weer te doen met klippe en struike wat hulle pad kort-kort versper en hulle verplig om ’n draai te ry. Lettie laat die perd egter vir geen oomblik verslap nie. Die sweet slaan naderhand op sy vel uit, en hy begin amper senuweeagtig word van haar

aanjaery en gepluk aan die teuels.
Die rowers moet daardie koeie seker al ’n goeie twee uur gelede kom wegkeer het om nou al daar te kan trek, dink sy. Waar op aarde sou hulle vandaan kom, en hoe sou hulle geweet het dat die koeie onbewaak is?
Sy kan nie help om ’n mate van agterdog teen Piet Lategan te koester nie. Maar dit mag darem ook wees dat die rowers êrens verskuil was en gesien het dat Piet dorp toe is en toe besluit het om hulle kans waar te neem terwyl Piet weg is.
Eindelik is Lettie bo-op die hoogte. Sy hou die perd ’n oomblik in en kyk vinnig rond. Die beeste of perderuiters kan sy egter nêrens sien nie, maar die rant aan die anderkant daal skerp af en is baie ruig begroei met bome en ook buiten gewoon klipperig.
Sy wonder in watter rigting hulle sou gegaan het. Aan die linkerkant daar onder is ’n hele woesteny van kranse en klowe waardeur die Bosbokspruit loop nadat dit ’n duiselwekkende hoë waterval maak. Hierdie skotige rant daal juis af na die Bosbokspruit toe. As sy nou reguit aanhou, sal sy baie naby die plek uitkom waar daardie waterval af tuimel. Sy swaai dus dadelik weg, want dit is vir niemand op aarde moontlik om met beeste deur daardie ruie, onbegaanbare klowe te trek nie. Dit is soos ’n diep skeur in die aarde, en van duskant af kan ’n mens glad nie daar inkom nie.
Vir ’n oomblik het sy gewonder of die rowers dalk meen dat hulle wel daar sal kan inkom en miskien met die beeste soontoe trek. Sy het egter tot die gevolgtrekking

gekom dat dit onwaarskynlik is dat hulle so dom sal wees om in die nag met beeste te wil vlug oor ’n terrein wat hulle nog nie eens verken het nie, en as hulle die terrein wel verken het, sou hulle weet dat dit gans en al onmoontlik is om naby die waterval af te kom en deur daardie ruie klowe te trek. Hulle het dus heel waarskynlik hier onder êrens regs geswaai, al langs die Bosbokspruit, en getrek tot op ’n plek waar hulle gemaklik oor die berge sal kom.

Lettie swaai egter nie sommer dadelik weg nie, want sy weet dat hier ’n plek is, nie baie ver van die waterval af nie, waar sy tussen die hoë rotse met die perd sal kan deurvleg en oor die spruit sal kan kom. Dan sal sy aan daardie kant, waar dit minder ruig en klipperig is, so vinnig sy kan, al langs die wal van die spruit aanjaag totdat sy die rowers in die gesig kry.

Sy ry teen die steilte af en weldra is die son vir haar onder hoewel dit nog bo teen rantrug skyn.

Die Bosbokspruit is omtrent nog ’n halfmyl van haar af toe sy bo-op ’n hoë rotsplaat uitry en daar stilhou om rond te kyk.

Haar spiere span meteens saam toe sy onder tussen die bome, nie baie ver van haar af nie, ’n paar swartbont beeste sien.

Sy ruk haar perd om met die doel om terug van die rots plaat af te ry en dan teen die helling af te daal. Maar op daardie oomblik knal daar kort na mekaar twee skote skuins van haar af.

Die koeëls tref die rotsplaat hier by haar, en skram